Selgroep by Riekert Botha se kamp 13-15 Mei 2011

Die Brenton Omgeegroep doen dit toe weer! Riekert Botha (RSG Saterdagoggende) het opgetree op ‘n kamp wat deur gelowiges van Plett gereël is. Dit was by die Harkeville Forest Lodge 13-15 Mei 2011.

Die Tema: **Pleisters vir Verhoudings. Lees alles in Riekert se boek hieroor.** Hy het met ons gepraat oor:

1. Verhoudings binne die gesin

Dis hartseer dat christene kerktoe gaan, manne- en vrouekampe bywoon, deel is van selgroepe en gereeld Bybelstudie doen, maar **die mense by die huis sien geen verskil aan hulle optrede in die gesin nie**!

- 85% van mense se probleme is verhoudings ge-oriënteerd! Dan móét ons mos daarop fokus!
- Ek is wat my verhoudings is…
- Ons word geleer om onsself te handhaaf, maar nie oor suksesvolle verhoudinhgs nie!
- Selfsug is ‘n siekte!
- Maleagi 3: 5&6 “Ek gaan vir julle die profeet Elia stuur voordat die dag van die Here kom, die groot, die verskriklike dag. Elia sal vaders en konders met mekaar versoen sodat Ek nie hoef te kom om die land heeltemal vernietig nie.” Dit is die laaste twee verse in die Ou Testament…. **Jesus het aarde toe gekom om verhoudings te herstel**
    - Met ons hemelse Vader
    - Tussen mense!
- ‘n Opregte Christen is in gesonde, liefdevolle, volwasse verhoudings! Lees Johannes 13.
- Mense weet nie hoe om liefde te wys nie! Kyk maar net na die oë om te sien; is dit (ver)hard of is dit sag? In die oë van mense lê die bewys van wat in hulle harteleef!
- Die geheim van die lewe is liefhê en liefgehê! God het ons gemaak om lief te hê – dit gee vervulling in my lewe!
- Die maatstaf oor hoe dit met my lewe gaan is hoe dit met my verhoudinge gaan… Kyk maar wat in Romeine 12 staan!

2. Die vrede van God

Hoe diep gaan ons menslikheid? Agter al die skanse sit daar ‘n <u>mens</u>! Ons huiwer om onsself bloot te stel aan die mense rondom ons….

- Trots is ‘n groot struikelblok in my lewe
- Ek soek beskerming deur skanse rondom my op te rig – só word ek nie blootgestel nie en “kan ek nie seerkry nie” dink ek…
- Ons ken die Bybel, maar ‘verstaan’ nie en beleef ook nie die volle betekenis daarvan nie!
- God is nie noodwendig daar waar ek myself bevind nie – my kultuur, my taal, my volk, my….. wat ookal nie! God is nie onderhewig aan my en mý kultuur nie- ek is aan God onderhewig! Ek kan God nie “label” nie!

My roeping

- 1 Kor 1:9 “God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here.” Dit is om in ‘n verhouding met Hom te wees!
- 2 Kor 5:18 & 19: “Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou.”

Die Adder in my boesem (trots en selfsug)

Rom 12:3: “Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.”

- Wat maak my en die mense rondom my “meer waardevol” – of “minder waardevol”?
    - ‘n Pasgebore baba kan niks doen nie, maar hy het geweldige groot waarde! Almal is gaande oor hierdie hulpelose bondeltjie mens! Hy het geen prestasie gelewer nie; besit niks; het geen spesiale gawes nie... MAAR as hy ouer word “verstryk” sy waarde; is hy verby sy “sell by date”! Tensy... hy presteer of oor een ander “spesiale” gawe beskik...
    - Mense doen dit ook aan hulleself: verbeel hulle dat hulle moet presteer of ‘n ander voorkoms moet hê om “in” te wees by die mense – goeie verhoudinge te kan hê!
- God se beeld in my is my waarde! Sy Seun het dan vir my gesterf!
- Ras, kerk, kultuur, geld, begaafdheid of slim het geen waarde nie!
- Nét die mens, geskape na die beeld van God het waarde. Ons dink dikwels bedelaars is leuenaars en kansvatters, maar hulle is geskape na die beeld van God – <u>mense</u>! “Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie....”
- Elke mens is ‘n ma se kind – waardevol om trots te kan wees – om vir God ‘n verskil te maak!

“Minderwaardige” trots.

- “Nederig” is nie beteuterd of gevrek nie. Nederig is om met God saam te stem!
- Om nooit standpunt in te neem nie; jouself altyd te verkleineer, jou eie gawes af te maak as nietighede: “ag, ek is maar ‘n vrot kok...” Dit terwyl sy regtig goed kos kan maak... Dis alles behalwe nederigheid! Dis “minderwaardige” trots; kamma nederigheid; skyn- heiligheid! DIT IS TROTS!
- Om nederig te wees moet ek myself sien soos God my sien.
- Ek besluit soms vooraf dat vreemdelinge nie van my hou nie (sonder enige rede). Nou probeer ek hulle beïndruk deur buite my eie aard op te tree of my voorkoms te maak soos ek dink hulle daarvan sal hou – en dan sit ek hulle af en hou hulle nie van my nie! Dan kan ek mos sê: “sien jy, ek het jou gesê hulle hou nie van my nie!”
- Hoe dink ek oor my vrou of my man? Meer of minder as van myself? Hoe praat ons oor ons huweliksmaats? Dit bepaal die verhouding wat ek met my huweliksmaat het!

Wat is reg of verkeerd?

God se standaard is al maatstaf – nie dit wat sosiaal aanvaarbaar is nie! ek hoef ook nie met iemand ssaam te stem om van hom te hou nie!

3. Hoe gemaak met my seerkry en vergifnis

- Ons sê "tyd heel wonde". Is nie so nie….. Tyd maak my gewoond aan die seer, dit genees nie – net Jesus genees!
- Kritiek wat ek oor ander uitspreek verskuif die klem van my af weg – dan voel ek minder blootgestel en dink ek ek kan 'cope" met my eie seer.
- Ons sê 'aanval is die beste manier van verdedig…" Dis nonsens! Dit verdoesel net my eie dade! Seerkry is nie 'n lisensie om terug te kap nie!

Wie dra die grootste skuld?

As ek en my vrou stry kry en ek weet albei het 'n mate van skuld hieraan, maar "sy is 99% verkeerd en ek 1%" moet ek nie myself daardeur laat bluff nie – voor God is ons albei 100% skuldig: ek is 100% vir my 1% en sy 100% vir haar 99%! Daar is nie groot en klein sondes nie!

- "Vergewe, maar kan nie vergeet nie" is on-Bybels! Jesus sê "Doen aan ander soos jy aan jouself gedoen wil hê"! Lees oor die kwytskelding van skuld in Matt 18: 21-35. Daardie man het sy skuldenaar "innig" jammer gekry en sy skuld afgeskryf, maar toe gaan dieselfde skuldenaar en verkoop alles van die een wat veel minder aan hom verskuldig was en smyt hom in die tronk….
- Óf ek wíl nie vergewe nnie, óf ek kán nie vergewe nie – ek weet nie hoe nie!
- Jesus sê:
    - "Jy moet jou vyande liefhê",
    - "Vergewe my, soos ek my skuldenaars vergewe"
    - "As jy vir My lief is, sal jy my wil doen"
- As Jesus my lewe beheers, sal ek vergewe – al kan ek nie……!
- Die groot **struikelblok** in die weg van vergifnis is my vrees dat "as ek daai ou vergewe gaan hy dink ek keur dit wat hy aan my gedoen het goed!" Of "as ek hom vergewe gaan hy nie die straf ontvang wat hy verdien nie…" Ek wil seker maak hy kry sy straf!
- Ek bly 'n gevangene van my eie onvergewensgesindheid! Dit wroeg gedurig hier binne in my terwyl die ander ou oënskynlik rustig voortleef – en dan wroeg ek nog meer!
- Deur te vergewe, bevry ek myself van hierdie sielewroeging!
- Rom 12: 19: "Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is mý reg om te straf; Ék sal vergeld," sê die Here"
- As ek by God uitkom en my vyand kom by God uit, is ons albei vergeefde sondaars!
- **Ek kán vergewe! Ek sal bid dat God my eie bitterheid sal vergewe**!

Ek moet vra om vergewe te word – nie sê "ek vergewe jou" nie

- Iets soos: "vergewe my omdat ek my vererg het…"
- Dán kom versoening – ware versoening!
- Herlewing begin by my – nie eers wanneer God "al die ander afgedwaaldes" terugbring nie! Dit begin wanneer ek begin verander!
- As ek godsdienstig is en nie 'n Jesus dissipel nie, kán ek nie vergewe nie.
- Vraag is: wíl ek vergewe!? Nie "kan ek vergewe" nie!
- Wat gaan ek maak met my skuldenaars? God wil my vrymaak…

- Eers as ek my eie skuldvergifnis verstaan kan ek ander vergewe!
- Oppas net in die proses van versoening kan ek meer skade doen as ek nie met wysheid optree nie!
    - Sê net wat nodig en wat opbouend is in belang van versoening.
    - Dink goed na oor die gevolge van wat ek gaan sê.
    - Selfs dan is dit beter om self vergifnis te vra as om die situasie te probeer dissikteer en te ontleed.
    - Iets van “wat is my aandeel in hierdie saak?”

Bogenoemde is maar net die bullets wat ek neergeskryf het terwyl ons aan Riekert se lippe gehang het. Daar is nog baie mmeer in die boek: Pleisters vir Verhoudings vann Riekert Botha. Die uitgewer is Naledi.

Die Here seën jou Riekert!

Dit was great! Dankie Riekert! Dankie Marlize dat ons kon deel in hierdie heerlike waarhede!

Kyk ook op ons fotomuur...